**Vrydag 5 Mei**
**Skrifgedeelte: Prediker 4:7-12**
**Fokusgedeelte: Prediker 4:9**
**Vrug van die huwelik: Twee vaar beter as een!**

Reeds in die paradys het God gesien dat dit nie goed vir die mens is om alleen te wees nie. Toe God vir Adam ’n maat geskep het wat by hom pas en om hom te help, was dit die vrou, Eva. “Twee vaar beter as een” was al voor die sondeval waar. Die verskille tussen die man en die vrou het God in sy wysheid juis so geskep om mekaar nie net aan te vul nie, maar om nou reeds iets van die hemelse in ons huwelike in te bring.

Wanneer man en vrou mekaar binne die huwelik help deurdat elkeen sy unieke rol vervul, is daar veral vier voordele:

- ’n Gesin waar die pa en ma elkeen hulle rolle vervul, se inspanning kom tot iets (vs 9). Hulle is ’n sterk gesin waar God gedien en geëer word. God bou sy tempel en sy stad deur sterk gesinne (vgl. Ps. 127). Hulle en hulle gesin is ’n aanwins vir hulle medemens.
- Man en vrou kan mekaar ook help (vs 10). Wat by die man kortkom as dit by die kinders, skool of besluitneming kom, kan die vrou aanvul, of andersom.
- Om langs mekaar te slaap en mekaar warm te maak (vs 11), dui hier op emosionele ondersteuning. Dus: twee harte wat saam klop. Man en vrou kan mekaar bemoedig en versterk as dinge moeilik raak, maar hulle kan ook hulle vreugdes en suksesse met mekaar deel.
- Hulle is beter beskerm teen die aanslae van die lewe, want hulle kan saam weerstand bied (vs 12). Hulle kan saam moeilike besluite maak. Wanneer die een swak is, is die ander een sterk en kan hy/sy ondersteuning bied. Volgende keer is die plekke net omgeruil.

Ons is nie geskep om alleen te wees nie. Twee vaar beter as een.

*Sing: Psalm 127-2:1, 3*

*Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)*